**Die volk trek! En ons trek ook! (OP42)**

**Num 10:11-36**

**30 Mei 2021**

Vandag kom ons by die einde van die eerste gedeelte van die boek Numeri – dit is natuurlik die punt waar die volk vertrek vanaf Sinai op pad na die beloofde land. Laasweek het ons na Num 8 en 9 gekyk, en gesien hoe deeglik die volk voorberei was vir hulle tog – ek sal bietjie later weer verwys na wat ons daar gesien het.

Vandag wil ek fokus op Num 10:11-36. In verse 1-10 lees ons dat Moses die opdrag ontvang het om silwer trompette te maak. Ek gaan nie in detail hierby stilstaan nie. Kan ek net die volgende opmerkings maak: Die trompette is in 'n verskeidenheid van rolle gebruik. Dit kon gebruik word om die leiers van die volk bymekaar te roep, of om die hele volk bymekaar te roep. Verder is dit ook gebruik om aan te kondig wanneer die volk verder moes trek – waarskynlik is die trompette geblaas wanneer die wolk van die tabernakel af opgelig het, en so is die hele volk dan ingelig dat dit tyd was om te trek. Dit was ook geblaas as die volk opgetrek het vir oorlog, asook by van hulle feeste. Dit was slegs die priesters wat op die trompette mog blaas. Die res van die Skrif praat ook dikwels oor trompette: In 1 Kor 14 gebruik Paulus die blaas van 'n trompet as simbool om te verduidelik hoe belangrik dit is dat die verkondiging van God se boodskap duidelik en helder moet wees. Dink verder aan die sewe trompette van waarskuwing wat geblaas word in die boek Openbaring, of aan 1 Tess 4:16 waar die wederkoms van Jesus aangekondig word met die blaas van 'n trompet.

Ek wil egter vandag fokus op die res van Num 10, waar ons in verse 11-28 lees dat die volk vertrek het, in verse 29-32 van Moses wat Gobab uitgenooi het om saam met die volk te trek, en verse 33-36 waar ons lees van die eerste 3 dae se trek.

<u>Die volk trek (Num 10:11-28)</u>

In vers 11 lees ons dat die volk vertrek het op die 20ste dag van die tweede maand van die tweede jaar na die uittog uit Egipte. Uit Eks 19:1 blyk dit dat hulle 3 maande na die uittog by Sinai aangekom het. Die volk was dus verskeie maande by Sinai. Hoe het hulle geweet hulle moes trek? Vers 11 sê die wolk het opgetrek van die tabernakel met die getuienis in (soos wat ons in Num 9 gesien het), en volgens vers 13 was dit ook in lyn met wat die Here deur Moses beveel het. Vers 12 verduidelik dat hulle van Sinai af vertrek het op pad na die Paranwoestyn. Nou, daar is verskillende teorieë oor presies die pad wat die Israeliete gevolg het deur die woestyn, selfs oor waar Sinai is – sover my kennis strek is die mees aanvaarbare roete die roete soos wat op die kaart aangedui word op my blog bo-aan die preke oor Numeri. Sinai lê redelik ver suid op daardie skiereiland noord van wat ons vandag die Rooisee noem, en as hulle nou van Sinai af vertrek op pad na die Paranwoestyn toe, beteken dit hulle trek noord in die rigting van die beloofde land.

In vers 14-28 word die volgorde waarin die volk vertrek het vir ons beskryf. Die detail stem grotendeels ooreen met die voorskrifte waarvan ons al in Num 2 gelees het. Kan ek dit kortliks opsom: Die eerste 3 stamme wat vertrek, is die stamme wat oos van die tabernakel kamp opgeslaan het – d.w.s. Juda, Issaskar en Sebulon. Let op die leidende rol wat Juda speel – dit het natuurlik al begin in Gen 49:8-10 toe Jakob sy seuns geseën het kort voor sy dood. Juda is daar al aangewys as die een wat altyd sal heers – en ons weet natuurlik uit die verdere loop van die geskiedenis hoe dit verder ontwikkel het totdat Jesus eventueel uit die stam Juda gebore is. 'n Stukkie detail wat nie uit Num 2 so duidelik was nie, is dat twee van die Levietegroepe, die Gerson- en Merarigroepe, vertrek het na hierdie 3 stamme. Hulle was verantwoordelik vir die vervoer van die tabernakel, uitgesonder

die meublement van die heiligdom. Hulle het dit vervoer op die waens met die osse wat die leiers na die tabernakel gebring het. Die rede hiervoor was dat hulle voor die Kehatgroep, wat die meublement gedra het, by die volgende kampplek moes aankom sodat hulle die tabernakel kon opslaan voor die Kehatgroep arriveer, sodat die meublement direk in die tabernakel geplaas kon word. Vervolgens het die 3 stamme wat suid van die tabernakel gekamp het, vertrek – d.i. Ruben, Simeon en Gad. Hulle is gevolg deur die Kehatgroep met die meublement in die middel van die optog. Daarna het die 3 stamme wat wes van die tabernakel gekamp het, vertrek – d.i. Efraim, Manasse en Benjamin. Laastens het die 3 stamme wat noord van die tabernakel gekamp het, vertrek – d.i. Dan, Aser en Naftali. Vir elkeen van die stamme word ook die naam van hulle leier gegee – dit is dieselfde leiers wat gehelp het met die sensusopnames, asook met die gee van die waens/osse en ander offergawes in Num 7.

Kom ons staan bietjie terug om die grootheid van hierdie oomblik in die lewe van die volk te waardeer:

- Kom ons gaan terug na Gen 12:1-3. Daar het die Here aan Abram verskyn en Sy verbond met Hom opgerig – daar het die Here beloof dat Hy Abram 'n groot nasie sal maak, en aan hom die beloofde land sal gee. Die Here het ook daar beloof om diegene wat Abram seën, te seën, en diegene wat hom vervloek, te vervloek. Daar word algemeen aanvaar dat Abraham in die jaar 2166 vC gebore is. Hy was 75 toe die Here met hom die verbond gesluit het. Dit moes dus in die jaar 2091 wees. Jakob het ongeveer 200 jaar later Egipte toe getrek, en die volk was meer as 400 jaar in Egipte. Nou, hier in Num 10, is dit die tweede jaar na die uittog. Daar is verskillende daterings vir die uittog, maar die vroegste siening is dat dit in 1446 vC gebeur het – dit is m.a.w. meer as 600 jaar na die belofte aan Abram dat die volk by die punt kom om te vertrek na die beloofde land. En onthou, volgens Deut 1:2, is dit 11 dae se trek na die Kades Barnea toe op die grens van die beloofde land. Na meer as 600 jaar, is daar maar enkele dae se trek oor na die beloofde land!
- Boonop, toe die Here vir Abram die belofte gegee het in 2091 vC, was Abram en Sarai steeds kinderloos. Toe Jakob 200 jaar later Egipte toe getrek het, het hy maar 70 afstammelinge gehad (Eks 1:4). Maar nou, 20 dae gelede, het hulle 'n sensusopname gehou – en hulle is 603 550 weerbare manne van 20 jaar en ouer, uitgesluit die Leviete (Num 1:46). Voorwaar, hulle is 'n groot nasie. Nou moet nog net die beloofde land realiseer – en die is maar enkele dae weg! (So het hulle gedink!)
- Boonop, dink daaraan: Toe hulle 'n bietjie meer as 'n jaar gelede uit Egipte vertrek het, was hulle alreeds 'n groot volk, maar hulle was 'n groot klomp ongeorganiseerde slawe. Sedertdien het die Here met hulle 'n pad geloop. Op pad na Sinai het Hy vir hulle gewys Hy is die Een wat sorg: Hy maak bitter water soet en gee water uit die rots, Hy gee kos uit die hemel, Hy help hulle om die Amalekiete by Refidim te verslaan. En sedert hulle by Sinai gekom het, het die Here baie dinge onder hulle gedoen:
    - Hy het aan hulle Sy wet gegee – dit sluit die morele wet in, dit sluit al die godsdienstige voorskrifte in wat die reëlings i.v.m. die offers insluit, die dienswerk in die tabernakel beskryf, asook die jaarlikse feeste wat hulle moet hou, dit sluit ook die reëlings in waarvolgens hulle in die kamp moet leef.
    - Hy het aan hulle die opdrag gegee om die tabernakel te bou, asook die detail van hoe dit gedoen moet word. Hy het aan hulle verduidelik dit is Sy woonplek in hulle midde.
    - Hy het Moses aangewys as die Een deur wie Hy met die volk praat.
    - Hy het die rol van die hoëpriester en priesters gedefinieer, en aangewys wie die rolle moet vervul. Boonop het Hy aan hulle die Leviete gegee as hulp.

- Hy het hulle beveel om die sensusopnames te hou wat getoon het hulle is ‘n groot volk, maar ook dat elkeen sy spesifieke plek het waar hy inpas.
- Hy het vir hulle reëlings gegee oor hoe die kamp ingerig moet word – met Sy woonplek as middelpunt. Hy het vir hulle reëlings gegee oor hoe hulle moet trek.
- Hy het hulle die wolk gegee om hulle te lei wanneer hulle trek.

In vergelyking met daardie horde slawe wat ‘n paar maande gelede by Sinai aangekom het, is hulle nou ‘n georganiseerde volk. Hulle weet in Wie se diens hulle staan, hulle verstaan Sy verwagting van hulle, hulle weet waartoe Hy instaat is – hulle het al die water gedrink en die manna geëet, hulle het aan die voet van die berg gestaan met vrees en bewing, hulle weet wie hulle leiers is, hulle weet waar elkeen inpas, waar elkeen woon en waar elkeen moet trek. Hulle moes sekerlik vrees by die ander volke ingeboesem het – veral met daardie duidelike wolk/vuurkolom wat hulle leiding gee! Jy kan die opwinding aanvoel: Beloftes van meer as 600 jaar gelede is grootliks vervul – kom ons pak die laaste paar dae aan om die beloofde land ook in te neem!

<u>Gobab (Num 10:29-32)</u>

In hierdie gedeelte lees ons van Moses wat vir Gobab uitnooi om saam met hulle te trek. Gobab was die seun van Reüel, wat Moses se skoonpa was. Hy het ook ‘n ander naam: Jetro (vgl Eks 2:18 en 3:1). Gobab was natuurlik nie deel van die volk nie – hy was ‘n Midianiet. Maar nogtans nooi Moses hom uit om saam te trek. Let op die manier waarop Moses hom probeer oortuig: Moses sê dat hulle nou na die land toe trek wat die Here aan hulle beloof het – en daar gaan die Here aan hulle goeie dinge gee (vers 29). Moses onderneem dat hulle Gobab goed sal behandel as hy saam met hulle trek – hy sal dan mag deel in die goeie dinge wat die Here aan hulle gee (vers 32). Sien jy wat Moses doen? Hy gebruik God se verbondsbeloftes om Gobab te oortuig om saam te trek.

Gobab is aanvanklik nie gewillig nie – hy voel hy moet eerder teruggaan na Midian toe en vir sy familie gaan sorg (vers 30). Moses verduidelik verder hoekom Hy wil hê Gobab moet saam met hulle gaan – want Gobab ken die woestyn, en hierdie kennis kan vir die volk nuttig wees sodat hulle kan weet waar om kamp op te slaan (vers 31).

Ons lees nie hier of Gobab wel saamgegaan het nie. Maar in Rigters 1:16 lees ons dat die nageslag van Moses se skoonpa grond ontvang het saam met die stam Juda, en ons maak dus die gevolgtrekking dat Gobab wel saamgegaan het.

Daar is al geredeneer dat Moses hier verkeerd opgetree het: Die Here het mos die wolk gegee om vir hulle te wys waar om kamp op te slaan. Het Moses dit nie vertrou nie, en nou eerder op Gobab se kennis staat gemaak? Ek stem egter saam met die kommentatore wat van hierdie interpretasie verskil. As dit waar was, sou ons verwag dat die Here Moses ernstig tereg sou wys – wat nie gebeur nie. Inteendeel, hierdie hele gedeelte is vol opwinding oor die groot volgende stap wat die volk gaan aanpak met hulle vertrek. Wat ons eerder hier moet raaksien, is Moses wat die beloftes van die verbond aanbied aan ‘n nie-Israeliet – hierdie Midianiet mag ook in daardie beloftes van ryke seën in die beloofde land deel, maar dan moet hy hom by die volk voeg en saam met hulle trek. Boonop verduidelik Moses aan Gobab hy kan sien hoe Gobab kennis het wat vir die volk nuttig kan wees – daar is selfs vir hom, ‘n Midianiet, ‘n rol om te vervul onder die volk.

<u>Eerste 3 dae (Num 10:33-36)</u>

In verse 33-36 lees ons van die eerste 3 dae vandat die volk vertrek het vanaf Sinai. Vers 33 is die bron van baie debat. Die punt van die debat is oor wat die laaste gedeelte van die vers beteken. As jy die NAV lees, blyk dit dat gedurende hierdie 3 dae het die verbondsark voor die volk uitgetrek met

die doel om plek te vind waar die volk kon oorbly. Die NIV, KJV en DAV vertaal dit op hierdie manier. Die OAV gee egter ‘n ander indruk – hier blyk dit die verbondsark het 3 dagreise voor die volk uitgetrek – dit lyk vir my die ESV vertaal dit ook so. So, een vraag is dus of die verbondsark gedurende die 3 dae voor die volk getrek het, of alternatiewelik, of dit 3 dagreise ver voor die volk uitgetrek het. Dan is daar nog ‘n ander vraag: Het ons dan nie geleer dat die meublement van die tabernakel in die middel van die optog gedra is deur die Kehatgroep nie? Nou blyk dit die verbondsark het voor getrek, en miskien selfs 3 dagreise ver vooruit getrek. Daar is al verskeie moontlike verklarings aangebied vir hoekom die verbondsark gedurende hierdie 3 dae moontlik ‘n ander posisie in die optog ingeneem het: Moontlik was die terrein baie moeilik begaanbaar en daarom was ekstra leiding nodig. Of alternatiewelik, moes die leiding van die Here duidelik gevestig word in hierdie eerste 3 dae en daarom het die verbondsark voor getrek. Ek moet erken ek is nie presies seker wat om hiervan te maak nie. Maar ek vind aanklank by wat James Philip in sy kommentaar oor Numeri skryf: Hy redeneer dat dit uit vers 33 en 34 duidelik is die leiding het gekom van die tabernakel en die wolk. As gesê word dat die tabernakel voor getrek het, hoef dit nie noodwendig te beteken dit het fisies heelvoor getrek nie. Kyk na Deut 10:11 OAV. Hier het Moses die opdrag ontvang om voor die volk uit verder te trek – maar dit beteken nie noodwendig Moses het altyd fisies voor geloop nie, dit beteken net hy het die leiding geneem. Is dieselfde dalk hier moontlik?

In vers 35 en 36 lees ons dat Moses twee uitsprake gemaak het: Wanneer die ark, en dus die volk, vertrek, het hy gesê: “Trek op, Here, verstrooi U vyande! Laat hulle wat vir U haat, voor U wegvlug!” En wanneer die ark, en dus die volk tot rus gekom het, het hy gesê: “Kom terug, Here, na die ontelbare menigtes van Israel toe.” Kan ek twee opmerkings maak oor hierdie uitsprake:

- In hierdie twee uitsprake het ons twee fokusareas wat ons nou al telkemale gesien het in Numeri: Daar is ‘n fokus op trek, en dit word geassosieer met stryd teen die vyande van die Here en die volk. Maar daar is ook ‘n ander fokus, en dit is die lewe in die kamp. Ons het gesien hoe die Here duidelik gemaak het Hy is in die midde van die optog as hulle trek, trouens Hy gee die leiding deur die wolk, maar Hy is ook die middelpunt wanneer hulle kamp opslaan en Hy deurgaans in die tempel in die kamp is. Moses se eerste uitspraak verwys na wanneer die volk trek: Verstrooi U vyande! En sy tweede uitspraak verwys na die kamp: Kom terug, Here, na die ontelbare menigtes van Israel.
- Dink ook aan wat ons in Gen 12:3 gelees het, waar die Here aan Abram beloof het Hy sal die vervloek wat Abram vervloek – dit is tog sekerlik die vyande van die Here en die volk wat vervloek gaan word, en wat Moses nou sê, verstrooi moet word. Verder het die Here beloof om die te seën wat vir Abram seën. Dit is tog sekerlik die lede van die volk, insluitende vreemdelinge soos Gobab wat hulle by die volk gevoeg het, wat die seën van die Here kan verwag, veral as die Here in hulle midde in die kamp woon.

<u>Implikasies vir ons</u>

Kom ons dink oor ‘n paar implikasies vir ons:

- Ons het gesien daar was nie net groot opgewondenheid onder die volk siende dat na meer as 600 jaar die belofte van die beloofde land op die drumpel staan om te realiseer nie, maar hulle was ook goed voorberei en toegerus vir hierdie laaste trek – na alles wat in die afgelope 600 jaar gebeur het, maar ook veral na wat oor die afgelope paar maande by Sinai gebeur het. Wel, ons is in ‘n soortgelyk posisie: Ons het die hele Ou Testament waarin God vir ons die noodsaak vir Sy genadeverbond verduidelik. Boonop verduidelik Hy ook vir ons stelselmatig meer en meer oor hoe hierdie genadeverbond werk. En toe, na ‘n paar duisend

jaar, breek die nuwe verbond aan – waarheen al daardie skadu's in die Ou Testament gewys het:

- Ons, wat deel van die Nuwe Verbond is, het ook, soos die volk, al God se wette en voorskrifte. Maar vir ons is dit nie ekstern geskryf op kliptafels nie, maar wel op die tafels van ons hart.
- Ons lees hier dat teen die tyd dat die volk verlos is uit Egipte was hulle reeds 'n groot volk. Wel, die ware kerk is tog die vervulling van die Ou Testamentiese volk. Teen die einde van die Nuwe Testament het die kerk al ver gegroei: Op Pinksterdag kom 3 000 tot geloof, maar daarna groei dit verder met rasse skrede, soveel so dat teen die einde van Handelinge die hele bekende wêreld bereik was. En sedertdien het dit nog nie opgehou nie. Soos wat 2000 jaar verbygegaan het, het steeds meer en meer mense tot geloof gekom. Onthou dat niemand wat werklik tot geloof gekom het, ooit weer uitval nie. Ja, dit is so, ons word moedeloos as ons kyk na hoe die kerk oënskynlik krimp in die kringe waarin ons beweeg, selfs in die hele Westerse wêreld. Maar dit beteken geensins dat God se koninkryk gekrimp het nie – onthou as 'n gelowige sterf hou hy nie op om deel van God se koninkryk te wees nie, nee, Hy word deel van die steeds groeiende 144 000 wat op Sionsberg bymekaar kom (Op 14:1-5)! En gaan lees oor wat in Afrika en in die Oosterse lande gebeur – en word bemoedig deur die groei in God se koninkryk.
- Die volk was destyds goed georganiseer – elkeen het geweet waar hy inpas en wat sy rol is. Dit is van ons ook waar. Die kerk is opgedeel in gemeentes. En elke gemeente vorm 'n deel van die liggaam van Christus. En binne elke gemeente het elke gelowige sekere gawes wat hy/sy tot voordeel van die liggaam moet aanwend.
- Voeg hierby wat ons laasweek gesien het: Ons het nie maar net vir Moses, Aäron, die priesters, Leviete, en die wolk nie. Ons het Jesus as Voorspraak, as Hoëpriester, as die ware Lig, die ware Brood en die Water van die lewe. Ons het die Heilige Gees as die wolk wat vir ons leiding gee. Boonop is ons die priesters, die Leviete, die kandelaar en die tempel!
- Soos vir die volk, is al wat nog uitstaande is, die beloofde land, oftewel die ewige heerlikheid. Soos die beloofde land maar enkele dae se trek weg was, leer ons met die oopmaak van die vyfde seël dat die ewige heerlikheid oor maar net 'n kort rukkie sal realiseer (Op 6:11), of soos Jesus self herhaaldelik in Op 22 sê: "Ek kom gou!"

Is jy opgewonde hieroor?

- Moses het die geleentheid aangegryp om Gobab, 'n Midianiet, te konfronteer met die heerlikheid van die Here se verbondsbeloftes om hom te oortuig om hom by die volk te voeg. Met die koms van die Nuwe Verbond is die opdrag soveel duideliker: Gaan maak dissipels van al die volke stamme, tale en nasies! Ons moet ook die Gobab's van ons tyd gaan konfronteer: verruil Midian vir die beloofde land! Boonop kon Moses sien Gobab kan 'n bydrae lewer tot voordeel van die tog na die beloofde land. Ons moet ook die mense wat ons roep, help sodat hulle nie net deel word van God se koninkryk nie, maar ook 'n sinvolle bydrae lewer om die tog na die ewige heerlikheid te bevorder, deurdat hulle die gawes wat hulle het, sinvol gebruik.
- Moses het duidelik onderskei dat daar twee areas is wat altwee kardinaal belangrik is: die trek na die beloofde land saam met die stryd wat daarmee gepaard gaan, asook die lewe in die kamp. Hy het verstaan die Here is die middelpunt van beide – daarom roep hy: "Trek op, Here" en "Keer terug, Here". Ons word ook gekonfronteer met beide hierdie fokusareas – ons moet saamtrek onder leiding van die Here, maar ons moet ook in die kamp bymekaar

kom saam met die Here. Gelowiges het die verantwoordelikheid om uit te gaan in die wêreld om te gaan stry vir die groei van die koninkryk. Maar hulle het ook die voorreg om terug te kom na die gemeente toe om daar deur die Here bemoedig en gevoed te word vir die verdere stryd, en ook om hulle in die Here te verlustig.

Dink maar weer aan die boek Openbaring: In die eerste gedeelte van die boek is daar die sewe briewe aan die sewe gemeentes, waar Jesus hulle oproep om gemeentes te wees wat die rol vervul wat Hy van hulle verwag waar gelowiges werklik opgebou en bemoedig kan word, en waar hulle hulle in die Here kan verlustig. In die res van Openbaring word dit duidelik dat gelowiges erge stryd kan verwag – stryd teen die duiwel, die dier uit die see, die dier uit die aarde, Babilon en die mense wat hulle volg. Maar tog moet hulle die twee getuies wees waarvan Op 11 praat – hulle moet God se boodskap gaan verkondig – vir 1260 dae lank! Selfs tot hulle lyke in die hoofstraat lê. Maar daarna word hulle geroep – vanuit die hemel, vanuit die beloofde land: “Kom op hierheen!” (Op 11:12)

Kan ek jou vra: Neem jy deel in altwee hierdie verantwoordelikhede? Neem jy aktief deel in die stryd in die wêreld, en neem jy aktief deel aan die lewe in die gemeente om toegerus te word vir die stryd, en om jou te verlustig in die Here?